Lourensrivier-Strand

# NUUSKRUMMELS

## *Labels*

Ons druk "labels" vir 'n lewe, oftewel etikette, dis goed wat op toerusting geplak word om 'n aanduiding te gee van die inhoud van iets, of serie nommers, of dit beskryf die werking van die toerusting. Daar is 'n spreekwoord wat sê jy "label" mense deur plakkers op hulle te plak, plakkers wat goed van hulle sê, of dit nou waar is of nie. Nou, ek waarborg jou, jy loop met plakkers op jou lyf rond waarvan jy glad nie bewus is nie, of dalk is jy bewus daarvan en jy kan niks daaraan doen nie. Soms plak jou vriende dit op jou.

By elke maatskappy, ja daar waar jy ook werk, is daar so 'n fasiliteit en daar word wild en wakker plakkers gemaak en op mense geplak. Dis daar waar mense gaan dampies maak, of tee drink, daar waar so ge-tjie-tjie-tjie word. Giftige goed word op daardie plakkers geskryf en dis dikwels, nee, nie dikwels, gewoonlik, nie waar nie en word op mense geplak. Onthou jy toe ons kinders was het ons 'n stukkie papier gevat en "skop my" of iets soos "donkie" daarop geskryf en op iemand se rug geplak, sonder dat hy daarvan weet? Dan lag almal agteraf vir daardie persoon. Lekker kinderagtig, net so kinderagtig soos wat volwassenes dit vandag nog doen. En weet jy wat is die ergste? Dis as jy glo wat ander op jou geplak het. Nog erger, soms "label" ons sommer onsself, dis as jy nie wil glo wat die Here van jou dink nie. Sy plakkers spreek van wonderlike liefde.

Moenie mense glo nie, hulle hou net van skinder.
Spr. 26:22 " 'n Geskinder is soos lekker kos, mense sluk dit so maklik".
Spr. 18:8 "Skinderstories word gretig verslind, mense sluk dit so maklik".
Daardie woorde wat mense op ander plak, maak so ongelooflik seer, en dit saai soveel verwoesting en dit maak die lewe so onaangenaam en dit verwoes verhoudinge.
Ons moet maar almal werk aan hierdie ding en nie deelneem daaraan nie, dit het nooit goeie gevolge nie. Nou ja, vandag plak ek sommer 'n plakker op jou rug ook.
Ek skryf in hoofletters "SEFANJA 3:17".
Jy moet maar self gaan lees wat daarop staan.

~ Willem Botha,

# Voorbidding

**Voorbidding vir Ds. Derick vir die Sondagboodskap**

**Voorbidding:**
Dirk Verdoes
Yvonne Marx
Gideon Thiart
Riaan du Preez

Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.

Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.

Bid ook vir die haweloses.






Ondersteun asb. **Strand Buurtwag** se

**SILWER HARE is GOUD WERD projek**

Help om 900x bederf-pakkies aan mekaar te sit vir bejaardes in ons plaaslike tehuise.

Die volgende kan geskenk word:

**Tissues | Pakkie Koekies**

**Waslappe | Tandepaste**

**Tandeborsels | Shampoe | Seep**

***Jy kan jou pakkie voor by die ingangsportaal in die boks sit.***



Lourensrivier-Strand

Baie
DANKIE




**BAIE DANKIE** vir al die skenkings aan die Koskas op ‘n daaglikse, weeklikse, maandelikse basis.

Die Koskas loop oor en daar kan soveel gesinne en individue gehelp word.

Ons harte loop oor!

Indien U weet van enige iemand wat ‘n behoefte het om gehelp te word. Kontak my gerus by 0826929086 of die kerkkantoor. Ons hanteer elke saak met baie empatie, simpatie en die nodige diskresies.

Lémari
Aanbidding- en Barmhartigheid.



Lourensrivier-Strand

NGK Lourensrivier - Strand

# FeesMark

## 24 Oktober - 8 November ‘25

**Het jy al aansoek gedoen om die jaar by ons Mark uit te stal?**

*Ons is opsoek na uitstallers wat*
*Goeie Kwaliteit, Handgemaakte Produkte,*
*asook Unieke Items maak*
*om by ons Mark uit te stal.*

**‘n Keuringsdag vir uitstallers**
**word gehou op 31 Mei ‘25**

*Vir ‘n Aansoekvorm, stuur gerus ‘n e-pos na:*
*lourensrivierfeesmark@gmail.com*
*of kry ‘n vorm by die Kerkkantoor*

***Sluitingsdatum***
***vir aansoeke is***
***16 Mei ‘25***



# Lifeline Jeug

## Ons streef na:

- ‘n Jeugbediening waar die jongmense suiwer Skriflering ontvang en in `n lewende groeiende verhouding met Hom leef.
- `n Jeugbediening waar jongmense die Skrif prakties uitleef deur Omgee, Aangee en Oorgee aan God se wil.
- Ons streef na `n jeugbediening waar die jongmense die Verlossingsboodskap van Jesus Christus uitdra aan mense in hul onmiddelike omgewing, die Wes-Kaap, ander dele van Suid-Afrika en aan mense in ander lande.
- Onse Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. (Mat 6:9-10)

**Hoërskool leerders:**
Sondae 17:30 - 19:00 by die kerk, of soos gereël met Attie. Ons gaan weer lekker “Social, Praise & Worship” en dan in ons klasse inbeweeg.

**Belydenisklas:**
Ons kom Sondae om 17:30 by die kerk bymekaar.
Graad 11’s en ouer, wat nog voorgestel moet word is baie welkom om by ons aan te sluit.

*Vir verdere inligting skakel gerus vir*
***Attie - 079 442 2230***

JESUS

Lourensrivier-Strand

Lourensrivier-Strand



# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

Voorskool & Laerskool, elke Sondag
09:00 tot 10:30 tydens skoolkwartale.
Navrae: Karin 083 643 0653
Ons kom eers almal in die kerk bymekaar en sal dan verdaag word na die saal



*Welkom by die 2de kwartaal*
*Die Kwartaal is dit Paasfees en ons het soveel wonderlike lessies wat ons voorberei het wat ons graag met julle wil deel*
*bring jou maarts saam en kom deel in die glorie van Jesus*

## Program vir die 2de Kwartaal

| | |
|---|---|
| 13/04 | Les 8 |
| 11/05 | Les 9 |
| 18/05 | Les 10 |
| 25/05 | Les 11 |
| 01/06 | Pinkster begin |
| 02-05/06 | Pinkster |
| 08/06 | Pinkster |
| 22/06 | Les 12 |
| 27/06 | Skole sluit |





## Dinamiet Kiedz

Ons bring graag die Evangelie aan die kinders, help hulle om geestelik te groei en moedig hulle aan om die Goeie Nuus met ander te deel deur persoonlike getuienis & dienslewering tydens uitreike na ouetehuise, skole, ens.

Dan is daar natuurlik Gemeente Pieknieks, Kampe, Kenmekaar braaie met die ouers en nog baie heerlike projekte.

Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

## Tienerkerk (gr7)

Lesse wat kinders help om getuies te wees tot in die uithoeke van die wêreld. Die kinders gaan op 'n leersame en opwindende reis om meer oor dissipelskap te leer.

Ons kom elke Sondag vanaf 09:00 tot 10:30 in "Die Gat" (vertrek onder verhoog) bymekaar.

Vir meer inligting, skakel gerus vir
Liesbet @ 073 630 0268



## Beloftelanders

Tydens die kerkdiens: (09h00 - 10h30). Alle kinders tussen 3-6 jaar is welkom

Ons verkondig die Evangelie d.m.v. Odos, CEF en Kidz Express se materiaal.

Al ons lessies word prakties gedoen, ons speel lekker en vier ook ons verjaarsdae saam;

Ons nooi alle mammas en pappas om ons klasleier een Sondag per kwartaal te kom help met die aanbied van die Sondagklassies.

Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

Lourensrivier-Strand

Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper™
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**

Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**

Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**

Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNE ONDERSTEUNINGSGROEP**

Vrydae 05:30 in gebedskamer

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**

Predikant: Ds. Derick Boonzaaier

derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**

Maandae: 09:00 - 14:00

Maandae - Donderdae: 08:00 -14:00

Vrydae: 08:00 -13:00

Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**

Maandae: 09:00 -12:30

Dinsdae - Vrydae: 08:00 -12:30

Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.

Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za

Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie

***Lourensrivier-WhatsApp Groep***

Stuur 'n WhatsApp met jou naam na

Ds. Derick: 082 333 6012 of

Lémari: 082 692 9086

as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

**ONDERSTEUN asb.**
**PLAASLIK**
**voordat daar niks meer**
**PLAASLIK**
**is om te ondersteun nie.**



**MSA**
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS
Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

**CAM LIVE VISION**
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
www.camlivevision.co.za
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**Secure SE**
FIRM. FIXED. SAFE
SECURE SE
www.securese.co.za
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**VOLANTRA ORBITAL**
The power to protect
www.volantraorbital.co.za
VOLANTRA ORBITAL
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**Flaméros®**
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

**FTH ACCOUNTANTS**
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUDE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

**Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?**
Sanlam
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za

Ek kan hiermee help:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

**BeMyDollie**
Popklere Doll Clothes
100% Homemade with Love
079 926 9942
@bmdollies

**HBP**
HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
082 872 6830 info@hbpconstruction.co.za
www.hbpconstruction.co.za